



Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

www.volksvergadering.co.za

Handeling van die VYFDE KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA

14-17 April 2017 te Dankbaar CVO Skool, Bloemfontein

Geagte Volksgenoot

Dit is vanjaar die 500^{ste} herdenking van die Hervorming. Die vergadering het met ontsteltenis kennis geneem van die huidige stand van sake m.b.t. die goeie verhouding tussen die Protestantisme in die algemeen en die Rooms Katolisisme. Dit nadat die Rooms Katolieke Kerk miljoene Protestante wreed vervolgd en op wreedaardige wyse vermoor en verbrand het. Ons dink terug aan die vasberadenheid van die Waldense wat dit hul lewenstaak gemaak het om die Skrifte te beskerm teen Rooms Katolieke vernietiging daarvan. As nageslag van die hervorming het die vergadering besin oor die negatiewe rol van integrasie en op welke wyse die gesin, familie, gemeenskap en volk staande kan bly in die eeue van onreg. Afsluitend is die evangelisasieopdrag soos opgeteken in Mat. 28:19 vanuit profetiese agtergrond ontleed om sodoende die wyd uiteenlopende oortuigings binne Skriftuurlike Lig te bring.

Die vergadering neem met dank kennis van die onderskeie aanbiedings:

1. Die invloed van integrasie op ons volksidentiteit en gevolglike voortbestaan. Kobus Botes

Integrasie met ongelowige nasies veroorsaak morele en geestelike verval by die geloofsvolk soos bv. duidelik aangetoon in Esra en Nehemia. Die herstel vanuit so 'n gekontameneerde situasie soos in die geval van Esra en Nehemia sal wees om die geloofsvolk van die volksvreemdes af te sonder.

2 Kor. 6:14-17: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die

tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; :18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige." [Alle aanhalings is vanuit die 1933/53 Afrikaanse Vertaling is.]

2. Die invloed van die Waldense op die vorming van die Geloftesvolk. Jurgens Van Zyl

Die Geloftesvolk is opnuut opsoek na sy wortels omdat die liberaliste soos oa Willem de Klerk en sy meelopers ook hierdie naelstring afgesny en beswadder het. Hoe wonderlik is dit nie om te sien dat ons volk via die Hugenote en die Waldense tot met die Apostels verbonde is. Hoe wonderlik is dit nie om te hoor dat ons, net soos ons voorsate, die Waldense, deur God Drie-enig geroep word om te waak teen die verduistering van sy Woord. Soos die Waldense moet ons, ons op die standpunt van die waarheid stel. Ons moet nie toelaat dat ons deur getalle verblind word nie, want die waarheid het nie getalle nodig om die waarheid te wees nie.

In ons soeke na die waarheid moet ons weer, as volk, na die Woord van God terugkeer. Ons kan net tot die God van Bloedrivier bid om ons te help, ons genadig te wees en ons uit te red as ons gehoorsaam is en op sy Woord let. So lank as wat ons ewe moedig, ewe kordaat ons eie kop volg en ons eie pad loop, so lank durf ons nie om God se seën en genade af te bid nie.

Vir die Waldense was die Skrifte nie slegs 'n beskrywing van Gods handeling met die mense in die verlede en 'n openbaring van pligte vir die hede nie, maar dit was ook 'n openbaring van die gevare en heerlikhede van die toekoms.

Ons moet, as volk, weer soos die Godvresende digter, Watermeyer, sê; "Klink my tot kruik waarin u Gees weer water vir my volk sal wees."

3. Vind die hervorming van 500 jaar gelede neerslag in die hedendaagse geloofsbeoefening binne ons volk? Jurgens Van Zyl

Daar word groot opgang gemaak in die Gereformeerde Kerke om hierdie jaar 'n groot fees geleentheid van die Hervormings jaar te maak. Vir elke gelowige wat dit erns maak met sy of haar geestelike lewe, is dit duidelik dat ons in toenemende mate met 'n veranderde wêreld, 'n nuwe wêreld godsdiens en 'n andersoortige beskouing oor die kerk te make het. Die tradisionele Christelike geloof, die belydenis kerk en die beproefde evangeliese waarhede word nie langer deur die sogenaamde postmoderne wêreld en kerk aanvaar nie.

Dit is ons verantwoordelikheid om kennis te neem van hierdie bedreiging van 'n wêreldgodsdiens en wêreldkerk met haar dwaalleer en misleidende dogma.

Onder die dekmantel van vordering en groei in die kerk word gepoog om die kerk as liggaam van Christus uit te brei en te bevorder deur kerkvereniging. Die bedoeling is om eers al die Protestantse kerke in 'n eenheidsliggaam te verenig en daarna hierdie eenheidsliggaam met die Rooms Katolieke kerk te laat saamsmelt. Die sogenaamde verenigde christelike kerke sal dan op hul beurt met al die ander gelowe van die wêreld skakel om uiteindelik 'n wêreldgodsdienst en wêreldkerk daar te stel. Daar word gesoek na 'n nuwe eenheid in die algemene broederskap van die mensheid en dan word alles wat in stryd is met die sogenaamde menseregte tot sonde teen die mensheid verklaar.

Groot dele van die Bybel word nou gesien en geïnterpreteer as sonde teen die mensheid. Om te aanvaar dat die kerk die mag van die antichrist bevorder is baie moeilik, maar dit is 'n wrede werklikheid waarmee rekening gehou moet word. Die verlamme en verwarrende effek van sinkretisme (godsdienstgelykheid) en die aanslag van die wêreldkerk op die Bybelse inhoud, kan nie oorskakel word nie.

Die plaaslike Gereformeerde kerke het hul lidmaatskap van die wêreldraad van kerke verloor na die Cottesloe kerkberaad gedurende 1961, waar afsonderlike ontwikkeling aangeval is, maar het hul opinie mettertyd verander en met die Rustenburg beraad van 1990 apartheid as sonde verklaar en sodoende weer aanvaarbaar vir die wêreldraad van kerke geword en is hul lidmaatskap herstel. Sodoende het ons as volk se Protestantse grondslag 'n ernstige knou gekry.

4. Die belangrikheid van familiestrukture binne volksverband. Flip Swanepoel

In terme van bv. Num.32:28 en Num.2:1-3 moes die familiehoofde saam met die priesters dikwels saamwerk om sekere ordes binne volksverband ten uitvoere te bring. Familiehoofde het derhalwe 'n belangrike funksie binne beide familieverband [stamverband] asook volksverband vervul. Dit was binne die era van die Levitiese priesterorde.

In Petrus se eerste sendbrief verwys hy na 'n Geestelike Huis waarin hulle wat hy aanspreek hulle as lewende stene in moet laat inbou – 1Pet.2:5.

Paulus meld dat die voorskrifte m.b.t. ouderlinge en diakens die wyse is waarop hulle as opsieners hulle moet gedra in die Huis van God, wat die gemeente van God is. Jahsua [Jesus] is die Hoeksteen van hierdie Huis – 1Pet.2:4,6-8.

Petrus se uitspraak m.b.t. die volk as koninklike priesterdom, maak dat die familiehoofde en priesterhoofde binne die Levitiese priesterorde, soos breedvoerig bespreek, vervang is met 'n koninklike priesterdom met Jahsua [Jesus] as ons Koning en Hoë Priester volgens die orde van Melgisédék en elke gesinshoof is priester van sy huis.

Elke gesinshoof as priester binne hierdie orde erken die oppergesag van Jahshuah [Jesus] as die Hoë Priester volgens die orde van Melgisédék. Melgisédék beteken “my Koning is Geregtheid” of Koning van Geregtheid – Heb.7:2.

Volgens 1Kor.11:1-10 en Gen.3:16 sal ons, as ons ons aan die Melgisédek orde wil onderwerp, die man se posisie as die beeld en gesag van God moet erken deur die vrou haar hoofbedekking te laat dra, waardeur sy weer onder die gesag en beskerming in kan kom van haar man en van Christus. Andersins erken ons nie die orde wat hier gestel is nie en kan die orde van Melgisédek nie op ons van toepassing word nie.

Die Nagmaal as Verbondsteken wat gereeld herdenk word, is die vereenselwiging met- en verkondiging van die Nuwe Verbond waarvan Jahshua [Jesus] die Koning en Hoë Priester sal wees. Verder is Hy ook ons oudste Broer [Rom.8:29; Joh.20:17] en daarom ons Familiehoof, en terselfdetyd Koning en Hoë Priester en is JHWH [die HERE] ons Vader.

Dit is die Nuwe Testamentiese struktuur waarvolgens gesinne, families en gemeentes moet funksioneer.

5. Gemeenskapsontwikkeling vir die volksbinding van ons jeug. Kitty Erasmus

Uit die definisies van jeug, gemeenskap en samelewing word dit duidelik hoe ons onderskeid kan tref, en die onderwerp beter verstaan. Die groter samelewing word tans verteenwoordig deur die Reenboognasie wat ten doel het om afsonderlike gemeenstappe uit te wis deur integrasie. Die toekoms van ons jeug is vir ons 'n groot bekommernis. Ons jeug word vandag gekonfronteer met ander kulture, gelowe, normes, waardes, uitspattighede, groepsdruk, drank, dwelms, vrye seks, sosiale media, selfmoord, ens.. Weens al hierdie blootstelling is ons jeug vandag in 'n geweldige geestelike stryd gewikkel. Hulle soek na vastigheid, eerlikheid, opregtheid, liefde en rigting. Al hierdie invloede vervreem hulle van ons as volk.

Uit die aanbidding is dit duidelik dat enige gemeenskap verdwyn as dit ingesluk word deur die groter samelewing. Dit noodsaak ons as volk om alles is ons vermoë te doen om ons eie gemeenskap te ontwikkel. Baie min word vandag gedoen om gesonde gemeenskappe afsonderlik te ontwikkel, terwyl baie gedoen word om 'n homogene samelewing te bou.

Die afgelope eeu het verskeie organisasies en fasiliteite bestaan vir die ontwikkeling van ons eie unieke gemeenskap. Meeste van ons organisasies en fasiliteite is verwaarloos of bestaan nie meer vandag nie, terwyl min belangstelling getoon word om ons eie gemeenskap te ontwikkel.

Ons kan onself hieruit afvra wat bied ons as ouers in ons gemeenskap vir ons jeug? Uit die aanbidding is dit duidelik dat daar baie is wat ons as ouers kan doen vir die ontwikkeling van ons eie gemeenskap. Die Konsilie doen 'n beroep op alle volksgenote om betrokke te raak by die ontwikkeling van volkseie gemeenskap.

6. Gesinsrehabilitasie as voorvereiste vir die volksvoortbestaan. Carel Lehmann.

Die ondermyning van die gesinslewe beteken om die weë van ons Hemelse Vader, soos vervat in die Bybel, te minag en te verwerp binne die huishouding. 'n Huishouding kan nie 'n gesin genoem word as dit nie geskoei is op grondslag van die gesins-riglyne wat vir ons gegee word vanuit die Skrif nie. Daar kan ook geen liefde hoegenaamd bestaan binne 'n gesin as die gesin nie die wette en gebooe van ons Hemelse Vader prakties toepas in hul lewens nie. Die maatstaf vir die gesin vandag moet onder andere uit die leefstyl van die Voortrekkers bestaan, wat se lewensrigsnoer die Nederlandse Statebybel was. Die wonderbelaaide ingrype van ons Hemelse Vader tydens die tye van nood in die tyd van die Voortrekkers, is 'n getuienis dat Jashua Hom geobenbaar het in die gesinne van die Voortrekkers. Joh. 14:21 Wie my gebooe het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

Liefde tot JHWH [die HERE] is die besit, bewaring en praktiese uitleef van Sy Gebooe (Wet). Dit is m.a.w. onmoontlik om ons hemelse Vader te kan dien en liefhê met 'n volkome hart, as dit nie gepaard gaan met die bewaring en onderhouding van Sy gebooe nie.

Die gesinsrehabilitasie wat ons nou op hande het, moet op die grondslag van die liefde geskoei word. Ons sal dus op alle lewensterreine, ons diens tot JHWH [die HERE] in volkome, moet toepas.

Die gesinshoofde in ons volk sal egter weer hul Bybels moet opneem en hul kinders daaruit leer en hulle die weë van ons Hemelse Vader inskerp sodat hulle van kindsbeen af sal weet hoe om JHWH [die HERE] te dien met 'n volkome hart en dat hulle wêrklik sal verstaan dat die liefde tot JHWH [die HERE], die bewaring en onderhouding van Sy Gebooe is.

Die GKK dokument “Die Tweede Groot Trek is hier”, sluit goed aan by gesinsrehabilitasie en is soos die meegaande referate, beskikbaar op die GKK se webwerf:

http://www.volksvergadering.co.za/Documents/20170428112714_item_Die-Tweede-Groot-Trek-is-hier.pdf

7. Die uitlewing van ons dissipelskap ingevolge die opdrag van Mat.28:19. Dr. Ronnie van der Merwe

Daar bestaan uiteenlopende beskouings met betrekking tot die opdrag: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies..."

Daarom word slegs hierdie gedeelte van Mat.28:19 in oënskou geneem.

Eerstens word aangetoon dat die bestudering van Nuwe Testamentiese gebeure en uitsprake sonder die "lamp" van die profete, oorsaaklik daartoe is dat uiteenlopende vrye interpretasies by Christen gelowiges in stand bly.

Daar word aangedui dat die oënskynlik teenstrydige opdragte van die Messias m.b.t. Evangelie verkondiging in der waarheid aanvullend tot mekaar is.

Verskeie redes word na vore gebring waarom die Evangelie van Christus (ons Messias) tot aan die eindes van die aarde verkondig moet word:

i) Ons SKEPPER wil opnuut SY REG tot 'n riglyn maak en die GERECHTIGHEID tot 'n skietlood oor SY ganse skepping. Deur die verkondiging van die Evangelie word die remedie vir WETSootreding verkondig as 'n LIG vir die ganse mensdom om aan die duisternis, die vloek van WETSootreding, te ontkom.

Aanneming tot redding sal volgens belofte, almal toeval wat verordineer is om in waarheid die NAAM van ons Messias te bely. Die lig wat Evangelie verkondiging oor die mensdom laat skyn is dus 'n triomftog van ons SKEPPER oor die duisternis wat SY ganse skepping bedryg.

ii) Die wêreldwye verkondiging van die Evangelie het verder ten doel om die uitverkorenes vanuit die verstrooide oorblyfsel van die geslag van Israel die geleendheid te bied om deel te verkry aan die NUWE VERBOND wat aan hul vaders belofte is. Die wat daartoe verordeneer is, wat daartoe geroep word, sal hul belofte Messias herken vanuit die SKRIFTE en hul aan SY Koningskap onderwerp volgens die ewige Verbond wat die HERE (JHWH) met die vaders aangegaan het. Volgens die Belofte sal hul gewete sodanig opgeskerp word deurdat die HERE (JHWH) SY WET op hul harte sal grafeer sodat hul by WETSootreding hulle vrymoedig sal wend tot die geregtigheid van ons Messias wat SY OFFERBLOED gestort het tot vergifnis van die sonde (skuld van WETSootreding) van die kinders van die HERE (JHWH).

iii) Die geredde verstrooides van Israel sal ook as kinders van die NUWE VERBOND deur die geloof in Christus (ons Messias) versamel word op plekke wat die HERE (JHWH) vir hulle sal aanwys.

iv) Vanuit die versamelde gemeenskappe (gemeentes) sal die kinders van die NUWE VERBOND deur die GEES gedring word om onbevrees die taak van Evangelie verkondiging op te neem.

v) Die geredde versamelde Israel sal ook ter oprigting van die Hut van DAWID sekere nasies in besit neem en hul ooreenkomstig die riglyne van GODSWOORD regeer. Hierdie nasies sal aan die einde van ons tyd, met die finale oordeel, as skaapnasies genade ontvang.

Evangelie verkondiging sal ook verdere gevolge meebring:

a) Die oorgrote gedeelte van die wêreldlinge sal satan se duisternis verkies bo die LIG van Christus maar hul sal geen verskoning vir hul sondes hê nie.

b) Die Evangelie sal groot verdeeldheid onder die mense meebring. Selfs huisgesinne sal verdeeld wees oor wat die WAARHEID is.

c) Slegs 'n geringe deel van die verstrooides van Israel sal deel word van die NUWE VERBOND en onder die vaandel van Christus byeenkom.

d) Daar sal wêreldwyd 'n "christen" industrie ontstaan wat die NAAM van ons Messias sal misbruik. Dit sal die wêreld oorspoel tot so 'n mate dat die kinders van die HERE (JHWH) en die WAARHEID daardeur bedreig sal word. Hierdie onkruid sal egter saam met die "koring" as die geestelike Israel bestaan tot die finale uitspraak van die Messias, nl. "EK ken julle nie...".

Die vraag word gevra waarom die versameling van die geredde Israel by die HERE (JHWH) so prominensie kry by die verkondiging van die Evangelie van Christus?

Die antwoord hierop is:

1) Dit is nie om hulle ontwil nie, maar ter wille van die Heilige NAAM van die HERE (JHWH). "Die nasies sal weet dat EK die HERE (JHWH) is...as EK MY in julle voor hul oë as die HEILIGE laat ken."

2) Omdat die HERE (JHWH) SY Beloftes aan SY eiendomsvolk nie vergeet nie en in die fynste besonderhede gestand doen.

Vrede

Dr. Ronnie van der Merwe
Voorsitter Geloftevolk Koördineringskomitee (GKK).
www.volksvergadering.co.za